# Jaar-Verslag

## 2016/17



CMR SC
Ons gee hoop
We give hope

save a child
red ń kind

# INHOUDSOPGAWE



VISIE, MISSIE EN WAARDES 1
WOORD VAN DIE VOORSITTER 2
BOODSKAP VAN DIE DIREKTEUR 3
PROGRAMME VAN HOOP 4
GESINSBEWARING 6
KINDERBESKERMING 7
GEMEENSKAPSONTWIKKELING EN ARMOEDEVERLIGTING 8
STORIE VAN 'N MAATSKAPLIKE WERKER 9
BEMARKING EN FONDSWERWING 10
5 REDES 15
STORIE VAN HOOP 16
BEGROTING: RED-'N-KIND PROJEK 17
FINANSIES 18
'N WOORD VAN DANK AAN DIE WAT ONS WÊRELD LAAT DRAAI 20
GEOGRAFIESE LIGGING VAN SENTRUMS 21

# VISIE EN MISSIE

## VISIE

Die visie van die CMR Noord is om HOOP te gee aan mense in nood.

## WAARDE SISTEEM


Die waardes van 'n organisasie dien as gedragsriglyne waarbinne die visie en missie uitgevoer word. Die waardes word in die onderstaande diagram aangedui.

## MISSIE

Die missie is om die voorkeur organisasie te wees wat uniek geposisioneer is om in samewerking met ander rolspelers markverwante maatskaplike diensprogramme te implementeer om die nood van gesinne en gemeenskappe in hoop te omskep.








# Woord van die Voorsitter

Die gesegde "never a dull moment" was weereens kenmerkend van die CMR NOORD se aktiwiteite die afgelope jaar. Die passievolle optrede van die personeel in 'n steeds veranderende omgewing, wek ons waardering.

Die CMR met sy unieke identiteit, dra baie by tot die suksesverhaal.

Die verslag vertel 'n storie van hoop. Baie hooplose persone, gesinne en kinders is begelei om weer met hoop aan die lewe deel te neem. Alles te danke aan personeel wat met toewyding, professionele kennis, ervaring en afhanklikheid van ons hemelse Vader hul dienste gelewer het.

Daarby was die ekonomiese klimaat in die RSA 'n groot uitdaging. Tog, as ons na die finansiële verslae kyk, word ons met groot verwondering vervul. Groot dank aan die donateurs, individuele persone, korporatiewe organisasies, staatsdepartemente, Beeldkinderfonds, die Noordelike Sinode van die N.G. Kerk. Sonder hierdie spanpoging sou die dienste nie gelewer kon word nie. Baie dankie aan ons bemarkingsspan!

Ons meld ook graag dat daar groot vordering was met die strategiese ontwikkeling en rekonstruksieplan.

Ons vertrou dat ons steeds verder sal ontwikkel om nog beter dienste te kan lewer. Mag die inhoud van hierdie Jaarverslag elke leser inspireer tot nog groter betrokkenheid en medewerking.

Aan God al die eer!

J.H.v.Loggerenberg. (ds) Voorsitter.

**Beheerraadslede:**

Ds. Johan van Loggerenberg (Voorsitter)

Dr. G.J Cloete (Ondervoorsitter)

Prof. L.M Brümmer (Lid: Finansies)

Dr. F.S du Plooy (Lid: Gautengkantore)

Dr. D. Schoombee (Lid: Menslike Hulpbronne)

Mnr. J. Masango (Lid: Regsaangeleenthede)

Ds. W. Potgieter (Lid: Limpopokantore)

Ds. C.J Joubert (Lid: Noord-Weskantore)





# Boodskap van die Direkteur

Wanneer die volgende statistiek gelees word: "55% van huishoudings in Suid Afrika leef in armoede" en "1 uit elke 3 kinders word seksueel misbruik", weet ek dat die werk wat ons doen ononderhandelbaar en kosbaar is en werklik koninkrykswerk is.

In die jaar wat verby is het CMR Noord met haar 17 Sentrums van Hoop daarin geslaag om meer as 23000 kinders en meer as 5000 volwassenes te bereik met dienste. Vir u, die leser, mag hierdie statistiek net na 'n klomp syfers lyk, tog is daar agter elke syfer 'n mens, 'n kind, iemand wat nood gehad het, iemand wat 'n stukkie HOOP beleef het as gevolg van ons betrokkenheid by hulle.

2016/17 was 'n jaar waarin CMR Noord baie aanpassings moes maak om die werk meer koste-effektief, maar steeds met kwaliteit te lewer. Dit het teweeg gebring dat daar afgeskaal moes word ten opsigte van personeel, kantore, asook gebiede. Ten spyte hiervan het die organisasie steeds 'n daadwerklike verskil gemaak in mense en veral kinders in nood se lewens; Om HOOP te bring bly die motivering vir ons werk.

2017/18 bring reeds nuwe uitdagings, maar ook geleenthede. Ons hou vas aan die belofte van Jeremia 29:11 en glo dat die Here in die tyd vir ons 'n nuwe toekoms en verwagting sal kom gee.

CMR Noord wil elke donateur, vrywilliger en ondersteuner bedank vir die volgehoue ondersteuning. Graag bedank ek ook die beheerraad van CMR Noord wat my bystaan met raad en leiding. Laastens wil ek ook aan elke lid van my bestuurspan 'n woord van dank rig: Dankie vir die saam droom, saam dink en saam doen. Julle is voorwaar die wind wat hierdie organisasie vlerke gee.

Maryke




**Bestuurspan:**


Maryke Venter (Direkteur)
Christa Voogt (Bestuurder: Finansies)
Anja le Cornu (Bestuurder: Bemarking)
Rene Pretorius (Bestuuder: Kinderbeskermingsentrum)
Thea Scheepers (Bestuuder: CMR Limpopo)
Annette van Loggerenberg (Bestuurder: Kindersentrum en Gauteng Noordelike groepering)
Petro Fourie (Bestuurder: Gauteng Westelike groepering en CMR Brits)
Ronel Aylward (Bestuuder: Gauteng Sentraal groepering en CMR Rustenburg)
Neo Mashao (Bestuurder: CMR Soshanguve en VOS Sentrum)

AIRMAIL

# ONS 3 PROGRAMME VAN HOOP SW1

## GAUTENG, NOORD-WES & LIMPOPO

- GESINSBEWARING
- KINDERBESKERMING
- ARMOEDEVERLIGTING EN GEMEENSKAPSONTWIKKELING



Versterk gesinne (Gesinsbewaring):

**3 961** Gesinne bereik

Kinderbeskerming


**892** kinders deur wettige proses beveilig (KBS en gebiedskantore)

Nuwe gesinne (Pleegsorg en Aannemings):

**216** gesinne

Genees Gebrokenheid (Terapie, assesserings en mediese intervensie)

**1 249** kinders deur CMR Noord Kindersentrum bereik





### Armoedeverligting en Gemeenskapsontwikkeling

**1 000** **GESINNE** gehelp met materiële ondersteuning

Ongeveer

**20 000** **KINDERS** deur Kinderbeskermingsweek programme bereik



**602**


Aannemingdienste

Jy kan 25 karretjies van die *London Eye* vol maak. (25 per waentjie)

### Totale aantal volwassenes bereik deur programme

**5 600**

of 1400 Londense huurmotors vol passasiers (4 mense/huurmotor)



**TOTAAL 28 600**

Aantal kinders bereik deur programme

**23 000**

of 274 dubbelverdiepingbusse (84 per bus)

LONDON

# Gesinsbewaring

Gesinsbewaring word 'n toenemende fokus van die Maatskaplike werkdienste wat deur CMR Noord gelewer word. Maatskaplike werkers is baie meer betrokke by terapie in gemeenskappe as in die verlede. Gesinne is in krisis en die fokus van hierdie program is om soveel as moontlik ondersteuning te bied aan gesinne, ongeag die samestelling, om sterker te word.

Ons is veral baie opgewonde oor ons ouerleidingsprogram.

Die **gesinsbewaringsprogram** sluit die volgende in:

- Voorkoming en behandeling van substansmisbruik
- Groepwerk met kinders
- Lewensvaardighede
- Huweliksberading
- Ouerleiding en terapeutiese groepe met ouers
- Egskeidingsbegeleiding
- Terapie by skole
- Traumaberading






# KINDERBESKERMING

**Ons sê so maklik dat kinders ons toekoms is.** Tog laat volwassenes en die samelewing kinders amper uurliks in die steek. Hoe is dit moontlik dat amper die helfte van ons kinderpopulasie blootgestel word aan 'n vorm van mishandeling? En tog is dit die realiteit en is CMR se Kinderbeskermingsprogram die naaste aan ons hart. Dit is hier waar ons regtig betrokke raak by die seerste seer van die lewe en kinders "ten spyte van" weer laat vlieg.

**Kinderbeskermingsentrum (KBS sake slegs in Gauteng):**
In die afgelope jaar het die Sentrum van Hoop 422 sake hanteer, 122 meer as in die vorige jaar. 622 kinders is deur hierdie sentrum bereik.

Die hartseer van hierdie statistiek is dat meer as helfte van die sake op ons tafel beland het as gevolg van egskeidings. Hierdie sake word deur die hof na Maatskaplike werkers verwys om onder andere seker te maak dat beide ouers toegang tot en kontak met hul kinders het. Maatskaplike werkers moet hier die wysheid van Salomo toepas om die saak te medieer.

**CMR Noord Kindersentrum**:
Die sentrum gaan voort om spesialisdienste te lewer.
In die afgelope jaar is die volgende dienste gelewer:

- Asesserings- en terapeutiese dienste (362 kinders bereik)
- 59 babas geplaas in plek van veiligheid via die krisisswangerskapondersteuning
- Pleegsorgkeuringsdienste (106 pleegsorgkeurings afgehandel)
- Aannemingsdienste (602 mense bereik)
- 121 telefoniese en/of internetnavrae hanteeer rakende krisis swangerskapondersteuning

**Die CMR is baie opgewonde oor die pleegsorgouerondersteuningsgroep.**

Hierdie groep ondersteun mekaar op die pad van pleegsorg, wat baie keer vol moeilike uitdagings is.

Opleiding word gereeld aangebied en daar word elke jaar aan die einde van die jaar lekker saamgekuier om 'n Kerspartytjie.

# N1 Gemeenskapsontwikkeling en Armoedeverligting

Toenemende armoede is 'n tendens wat by al die Sentrums van Hoop genoem word. Daar is al hoe meer gesinne wat kom vra vir kospakkies en klere.

Hierdie program fokus ook op ontwikkeling en bewusmaking. Die Kinderbeskermingsweek wat jaarliks deur die Sentrums van Hoop in gemeenskappe aangebied word is 'n hoogtepunt.

CMR Noord poog om deur middel van 'n paar intervensies gesinne te ondersteun en veral hul menswaardigheid te herstel.






# Gabriëlla se lied

## (Oftewel 'n tydjie in die lewe van 'n maatskaplike werker)

*Haar mamma het toestemming verleen dat sy aangeneem word met die versoek dat haar pappa nie die geleentheid sal kry om haar aan te neem nie. Sy was nog kwaad vir hom, want hy het nie sy beloftes aan haar nagekom nie en is terug na die ma van sy eerste kind. Haar pappa het aansoek gedoen om haar aan te neem. Hy het baie druk geplaas op almal… tot by die minister, om die aannemingsproses te verhaas, sodat hy sy verantwoordelikhede teenoor die "voorvaders" ten opsigte van hierdie kind kon gaan nakom.*

*Die Sondagoggend loop ons in Safarituine toe ek die oproep kry van die hartseer veiligheidsmamma dat die baba dood is. Ek buk op my hurke. Ek kan nie glo wat ek hoor nie. Die polisie was klaar daar met al die ontstellende vrae rondom 'n wiegiedood. Hoe gaan ek dit vir hierdie stryende ouers vertel? Die ouers aanvaar dit gelate en stry oor wie die verantwoordelikheid vir die begrafnis gaan neem. Ek staan verstom in my verslaenheid. Dankie Here dat u hierdie baba van die "voorvaders" gered het.*

*Die verlate baba het prematuur met veelvuldige mediese probleme in die lewe gekom. Sy is lank gehospitaliseer, toe in veilgheidsplek geplaas en uiteindelik word 'n aanneemmamma gevind wat nie kan wag om haar te kry nie. 'n Week lank beleef die baba hemel op aarde, 'n lewe van oorvloed, blomme, geskenke en tonne liefde van 'n mamma en almal rondom haar wat verwonderd staan oor die wonder van die lewe wat die huis kom vul het. Die oproep kom die Donderdagaand. Ek gaan sit weer. Ek kan nie glo wat ek hoor nie. Die baba is dood. Dieselfde ontstellende vrae en iewers loop die regte mamma en ek wonder of sy wonder.*

*Here, ek verstaan nie! Hoeveel kan één kind, één maatskaplike werker, één mens absorbeer? U wat beheer het oor lewe en dood: Ons is almal onbewus wanneer hierdie babatjies in sonde ontvang en gebore word. Ons bedoel dit so goed. Probeer so ons bes om die beste te gee vir die babas, die kinders. …en word so diep geraak deur hul dood en alles wat elke dag met ons kinders gebeur, wat selfs erger is as die dood. Here, ons raak so magteloos teenoor die nood daarbuite, ons voel so dom wanneer ons dink ons beskerm ons kinders deur 'n Wet en dan verstaan elkeen van ons die Wet soos ons wil. Here, ons weet nie meer nie!*

*Die hospitaal maatskaplike werker skakel: daar is weer 'n premature baba reg vir ontslag. Ons is almal bang om weer te waag. Een veiligheidsmamma sien kans. Die veiligheidsorganisasie het nie pre-Nan beskikbaar nie en hul maatskaplike werker is plat in die bed met griep. Dit is 13h00 en ek moet 14h00 in die hof wees vir 'n ander saak. Ek, die veiligheidsmamma en die baba jaag van een apteek na 'n ander. By die derde apteek kom ek reg. Nou moet ek hierdie mamma op 'n taxi kry. Sy wys my waar ek moet stop in Kerkstraat. Hoe op aarde gaan sy regkom met drie sakke, 'n tas en 'n premature baba? Die angs bou binne in my op. Ek hou stil met my ou Mercedez en begin haar pakkies op die sypaadjie aflaai. Onmiddelik hou 'n taxi agter my stil. Die netjies geklede bestuurder spring uit, maak sy agterdeur oop, laai die pakkies in die bagasie ruimte en help die mamma met die baba inklim. Ek kan nie genoeg dankie sê nie.*

*Teen die vlg. middag antwoord die veiligheidsmamma: "The baby is OK and the taxi dropped me at my gate!"*

*"Ek kan glo die hemel is reeds hier."*

*Sandra van der Merwe*
*Maatskaplike Werker: Onbeplande Ouerskapsorg*

# Bemarking en fondswerwing

CEP 01415-002 1992 a 2122 Sé 3

Die jaar 2016/17 was 'n tydperk van groot seën. Ons kan met groot dankbaarheid terugkyk op 'n jaar vol wonderlike bemarkingsinisiatiewe wat bygedra het tot die volhoubaarheid van die organisasie.

## KINDERBESKERMINGSWEEK 2016

Die Dagbreek Trust het 'n benoemenswaardige finansiële bydrae gemaak tot die CMR Noord se Kinderbeskermingsweek se aktiwiteite. Maatskaplike werkers kon tydens hierdie week verskeie skole besoek en kinders inlig en bemagtig rakend hulle waarde en regte. Skoliere het spaarbussies ontvang waarmee hulle geld kon insamel om die Red-'n-Kind Projek te ondersteun.

Die tema vir hierdie jaar se Kinderbeskermingsweek was "Let us all protect children to move South Africa forward"

**16 756**

kinders is bereik in 35 skole in Gauteng!

Hierdie week is jaarliks 'n hoogtepunt waarna ons gebiedskantore en vennote uitsien.

I ♥ BRAZIL






RIO DE JANIERO BRAZIL

Plastiek spaarblikkies in die vorm van 'n tekkie/skoen is uitgedeel- wat saamval met die tema "Stap in 'n minderbevoorregte kind se skoene". Leerlinge het die skoentjies probeer volmaak met note en munte- en so het skole saamgespan om fondse in te samel vir die CMR Noord.







PARIS 1990 PRIMTEMPS

## 7de JAARLIKSE RED-'N-KIND GHOLFDAG TE WINGATE GHOLFBAAN 24 AUGUSTUS 2016

Die CMR wil graag weereens alle spelers, borge en organiseerders van hierdie dag bedank. Die Red-'n-Kind fonds baat soveel by die oop harte en beursies wat elke jaar op die dag so graag gee. Ons organisasie sal werklik nie soveel kinders in nood se lewens kon aanraak sonder jul hulp en ondersteuning nie. Jul is werklik kampioene!

**Spesiale dank** aan ons HOOFBORG: Fuchs Roux Ingelyf.

FUCHS ROUX











Woord van ons donateurs:

Dust-A-Side is a proud donor to the welfare of the disadvantaged children being supported by CMR. We trust that the small contribution Dust-A-Side makes bring about change to the lives of the children and provides the opportunity for them to live normal lives, have nutrition, health, and a sense of worth that everyt person deserves.

We are honored to be associated with an organization such as CMR dedicating their time and effort in uplifting the quality and self -confidence of all the children they support. Thank you to CMR for what you do and stand for. Dust-A-Side will continue to play our small part in improving to the social wellbeing of the children.

George Basson
Executive chairman, Dust-A-Side

DUST-A-SIDE

## TWEEDE JAARLIKSE WYNVEILING BY DIE PRETORIA COUNTRY CLUB 22 JUNIE 2016

Soos ons gehoop het toe die saadjie geplant is meer as 2 jaar gelede, het hierdie funksie gegroei tot dubbel sy grootte. Ons is seker dit sal op meer en meer mense se kalenders gemerk word as DIE wintersaand om na uit te sien - vir vriende, donateurs en wynliefhebbers! Daar was oor baie uitsonderlike wyne en "fancy" wynterme gepraat – so het die CMR Noord net so goed soos goeie wyn verouder en ons 80ste verjaarsdag gevier verlede jaar!

Dankie vir sulke OOP hande (met bie-bordjies in) en die bereidwilligheid om te belê in die toekoms van ons kinders. **'n Spesiale dank** aan ons Hoofborg: GOOSE WINES en medeborg VAN's Auctioneers








### The Goose Wines - All about expression.

It has been a great privilege and pleasure for us, to support Anja and CMR North, in the launch and planning of the Goose Wines and CMR North Annual Wine Auction in Pretoria. It has been a fantastic success and together we have improved the lives of hundreds of children and made a big difference in their future.

The support of everyone that attended this event was really amazing to witness and experience and we thank all of you in supporting this wonderful organisation and event. By raising more than R400,000 in 2016, I am sure that this event will continue to grow in stature and attendance. We are proud and fortunate to be associated with CMR North and hope to continue with this annual wine event and to see this event growing, year-on-year.

We look forward to meeting you all again and to also see some new faces, at next year's wine event.

Best regards,
Dr. Werner Roux
CEO - Goose Wines





## "LAAT DAAR LIG WEES" - KERSPROJEK 2016

**As 'n prentjie 'n duisend woorde spreek, kan die glimagte op ons kinders se gesiggies miljoene verhale vertel.**

Die doel van die *"Laat daar Lig Wees"* Kersprojek is om die wonderlike gevoel van liefde te deel met behoeftige gesinne en kinders in ons gemeenskap en weer HOOP te gee vir die Nuwe Jaar wat voorlê. Ons kon hierdie jaar verskeie Kerspartytjies aanbied en meer as750 kinders het geskenkies ontvang. Dankie aan almal wat kinders se wense waar gemaak het en vir al die pragtige geskenkies wat hulle gesiggies laat ophelder het. Ons is ook innig dankbaar vir die wat gesorg het dat ons gesinne spesiale kospakkies ontvang gedurende die Feesseisoen.





### ONS VRYWILLIGERS SÊ:

Van die Junior Stadsraad van Pretoria se kant af wil ons die CMR Noord hartlik bedank vir die wonderlike werk wat julle doen.

Die Junior Stadsraad se tema vir die termyn van 2017/2018 is: "SEE EACH OTHER" of "SIEN MEKAAR". Hierdeur streef ons daarna dat mense nie net na mekaar moet kyk nie, maar mekaar werklik raak te sien; ons nood, verskille, gemeenskaplike doelwitte en ooreenkomste. Ons, as die jeug van Pretoria, probeer alles in ons vermoë om ons mede-kinders in nood te ondersteun en te help deur 'n verskeidenheid fondsinsamelings deur die jaar. Dankie CMR Noord, dat julle saam met ons die mense in ons gemeenskap met nood, werklik raak sien en hulle help. Saam kan ons almal werklik 'n verskil maak!

Vriendelike groete
Leah Warmenhoven
Junior Burgermeester van Pretoria

**AANNEEMOUERSKOMITEE BIED AAN:**
**DIE AOAK DAMESTEE AUG 2016**

Die tema was: Maskers en die oggend is bygewoon deur vrouens by die LuxMundi Gemeente. Ons gaskunstenaars was Elma Postma en Anriette van Rooyen, wat die "seminaar" aangebied het. Hul entoesiasme en skerp humor was aansteeklik.

Weereens sou ons nie hierdie wonderlike oggend kon aanbied sonder borge en donasies nie. Aan een en elkeen van hulle duisend dankies. Ons sien julle almal weer volgende jaar.











# 5 redes om in maatskaplike werk te volhard

## 01 JY SAL NOOIT VERVEELD WEES NIE

Geen dag sal ooit dieselfde wees nie. Die kinders verskil, die sake verskil,die probleme verskil en so ook jou oplossings. Jy gaan elke dag nuwe dinge leer oor jouself en so ook oor die wêreld om jou.

## 02 JY SAL NUWE DINGE LEER

Die werk sal 'n fisiese en emosionele impak op jou hê, maar dit gaan krag en weerstand in jou ontbloot wat jy nooit gedink het moontlik was nie. Jou emosionele intelligensie gaan nuwe hoogtes bereik.

## 03 SPANGEES

Die verhoudings wat jy met medewerkers bou sal jou deur die moeilike tye dra en julle nader aan mekaar bring soos wat geen ander kantoor of besiheidsverhouding kan nie. Hou dit altyd ingedagte dat sekere sake jou lewe onherroeplik sal verander.

## 04 JY IS BEVOORREG

Om 'n kind wat deur 'n krisis-periode gaan te kan help en een van die sleutel karakters in daardie kind se hoop op 'n nuwe lewe te wees is 'n absolute voorreg! Onthou dit elke dag en met alles wanneer jy doen.

## 05 WEES TROTS

Jy werk vir jou gemeenskap en jy is een van die voorlopers as dit by ware verandering kom. Wees trots op die werk wat jy doen en **onthou dat elke verskil hoe groot of klein 'n reuse verskil maak.**



# STORIE VAN HOOP - MANDIE

Mandie is 'n pragtige blondekop dogtertjie met die mooiste blou ogies. Sy is op 4 jarige ouderdom uit haar ouerhuis verwyder nadat haar 9 jarige boetie homself probeer ophang het in 'n selfmoord poging. Mandie was baie verwaarloos, haar hare was versnipper en het gewemel van die kopluise. Haar tandjies was verrot en sy het voortdurend gevra vir kos en lekkergoed. Sy was 'n baie angstige dogtertjie en daar is besluit om haar te assesseer. Mandie is toe uit die sorg van haar moeder verwyder en met 'n kinderhofbevel in plek van veiligheid geplaas. Tydens die assessering gee Mandie inligting dat sy deur haar broer en haar moeder se kerêl seksueel misbruik is. Sy sê ook dat sy vir haar mamma alles vertel het, maar mamma het gesê sy moet oor alles stilbly, anders is daar groot moeilikheid. As gevolg van die traumatiese gebeure waaraan sy blootgestel is, het Mandie gesukkel om aan te pas by die veiligheidsgesin. Haar gedrag was onbeheerbaar, sy het haar aan geen dissipline onderwerp nie, sy het dikwels aan die skreeu gegaan en speelgoed gebreek. Sy is in 4 verskillende plekke van veiligheid geplaas, maar kon nie met enige van die volwassenes 'n emosionele binding smee nie. Sy is vir die vyfde keer in plek van veiligheid geplaas by 'n gesin wat voorheen erg getraumatiseerde kinders versorg het. Mandie het begin inskakel by spelterapie. Sy het hierdie veiligheidsouers begin vertrou.

'n Kriminele saak is geopen en die beweerde oortreders is in hegtenis geneem. Mandie is geneem vir 'n mediese ondersoek waar daar bevind is dat sy wel ernstig gemolesteer is. Pogings is aangewend om Mandie voor te berei om in die hof te getuig. Sy was egter te getraumatiseer om in 'n kriminele hof te getuig. Sy sou beslis nie die kruisverhoor kon hanteer nie. Die kriminele saak is gesluit maar sal heropen word sodra Mandie emosioneel daarvoor gereed is.

Die veiligheidsouers hanteer haar met baie deernis, liefde en geduld. Sy het goed aangepas alhoewel sy soms nog onder stresvolle situasies regresseer. Sy wil dan weer 'n baba wees en op die veiligheidsmamma se skoot sit, uit 'n bottel drink en heen en weer gewieg word.

Ons is so trots op Mandie! Sy vaar uitstekend in Wiskunde en is nie meer die skugter, onseker dogtertjie wat ons eers geken het. Sy was 'n sterretjie by die skool se revue, sy kon met selfvertroue op die verhoog sing en dans en het die aandag geniet. Ons stap steeds daagliks die pad met haar en glo dat sy met voortdurende terapie en ondersteuning, 'n mooi toekoms sal hê. ■




# BEGROTING: Red-'n-Kind Projek





## TOTALE KOSTE PER KIND: R7 200

# FINANSIES


**Bronne van Inkomste: CMR Noord**
(Bestuur en Kindersentrum)




**Bronne van Inkomste: CMRADE**
(Gauteng, Limpopo en Noord-Wes)




**Bronne van Inkomste:**
Opsomming van
Diagram 1 en 2




- Subsidie
- Rente
- Fooie
- NG Kerk
- Algemene Fondswerwing
- Lotto
- Trust
- CMR Noord Red-'n-Kind

**Gekonsolideerde Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

| | | 2016/2017 |
|---|---|---|
| **CMR Noord (Ingelyfde vereniging sonder Winsoogmerk)** | | **Werklik** |
| **Inkomstes:** | | |
| Fooie | | 1 652 026 |
| Rente-Inkomste | | 145 578 |
| Departement Maatskaplike Ontwikkeling | | 3 399 822 |
| Kerkbydraes | | 1 804 350 |
| B-BBEE Bydraes | | 148 339 |
| Fondsinsameling | | 1 551 311 |
| Toerusting: Versekeringseise/Verkope | | 43 470 |
| **TOTALE BEDRYFS INKOMSTE :** | | **8 744 897** |
| | | **Werklik** |
| **Uitgawes:** | | |
| Personeel Uitgawes | | 8 340 194 |
| Grond en geboue | | 310 506 |
| Huishoudelike Uitgawes | | 19 783 |
| Kantooruitgawes | | 265 417 |
| Vervoer Uitgawes | | 189 751 |
| Bemarking | | 64 059 |
| Finansiële Uitgawes | | 44 835 |
| Versekering | | 33 105 |
| Opleiding | | 55 251 |
| Kapitale Uitgawes | | 33 504 |
| Diverse en Voorsienings | | (38 073) |
| **TOTALE BEDRYFS UITGAWE:** | | **9 318 332** |
| **Bedryfs Tekort** | | **(573 435)** |
| **NETTO: Noodhulp & projekte toedeling** | | |
| Noodhulp en Projekte: Inkomste | 663 638 | |
| Noodhulp en Projekte: Uitgawes | (1 064 778) | |
| Netto Tekort: Projekte | (401 140) | |
| **BALANSSTAAT SOOS OP 31 MAART 2017** | | |
| **Balansstaat:** | | |
| **Toerusting** | | 165 824 |
| **Kontant Ekwivalente** | | 6 005 938 |
| Debiteure | | 196 863 |
| Voorraad | | 26 521 |
| **BATES:** | | **6 395 146** |
| **Ekwiteit en Laste:** | | |
| Kapitaal en ander Reserwe | | 5 511 041 |
| **Bedryfslaste:** | | |
| Krediteure | | 884 105 |
| **TOTAAL:** | | **6 395 146** |

Volledige geouditeerde state is op aanvraag beskikbaar




'n Vriend van my het altyd gesê ons moet al ons seëninge met dankbaarheid omsoom... sodat hulle nie uitrafel nie! Hierdie deel van die verslag is ons manier om die ruim en vrygewige donasies wat ons elke jaar ontvang, te "omsoom". Telkens wanneer ons terugkyk op 'n jaar en besef in hoeveel lewens die CMR Noord HOOP kon bring, kan ons nie anders as om dankie in soveel tale van die wêreld te sê nie!


Alle dank en eer aan die Here wat ten spyte van ons ongeloof so baie keer, ons verras met genade en seën sonder perke.
Aan die CMR Noord Beheerraad, wat met wysheid en toegewydheid saam met die organisasie 'n pad stap – dankie!
Dankie aan elke CMR Raad wat die dienste in 17 gemeenskappe oor 3 provinsies moontlik maak.
Dankie aan elke personeellid binne die CMR sisteem. Julle is regtig die hande en voete wat met soveel deernis en toewyding die eerste linie is wat HOOP in mense se lewens bring.
Baie dankie aan die Noordelike Sinode van die NG Kerk wat ons vir 81 jaar al ondersteun en dra.
Aan elke vrywilliger wat ons hande sterk maak: Baie dankie!
Dankie aan die volgende vennote:

- Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
- Beeld Kinderfonds
- GO Apps Mobile Media Marketing vir al ons media en reklamewerk
- Alle individuele en korporatiewe donateurs

**SPESIALE** woord van dank aan ons Mediavennote



# Geografiese Ligging van Sentrums van Hoop




CMR Noord in samewerking met Gebiedskantore

| | KANTOOR: | TELEFOON NOMMER: | E-POS: |
|---|---|---|---|
| **Gauteng:** | Hoofkantoor | 012 460 9272 | cmr@cmrn.co.za |
| | Bemarking | 012 460 9272 | marketing@cmrn.co.za |
| | Kindersentrum | 012 333 0421 | kinders1@cmrn.co.za |
| | Kinderbeskermingsentrum | 012 386 1056 | manager1@cmrn.co.za |
| | Daspoort | 012 379 5860 | daspoort@cmrn.co.za |
| | Derdepoort | 012 800 4866 | derdepoort@cmrn.co.za |
| | Moot | 012 331 3644 | moot@cmrn.co.za |
| | Pretoria-Noord | 012 546 0650 | ptanoord@cmrn.co.za |
| | Pretoria-Sentraal: | | |
| | Vos Gemeenskapsentrum | 012 341 2318 | |
| | Lynnwood | 012 348 0003 | sentraal@cmrn.co.za |
| | Pretoria-Wes | 012 386 1049 | ptawes@cmrn.co.za |
| | Soshanguve | 012 799 3887 | sosh@cmrn.co.za |
| | Valhalla | 012 660 2366 | valhalla@cmrn.co.za |
| | Wonderboom | 012 567 4551 | wonderb@cmrn.co.za |
| **Limpopo:** | Louis Trichardt | 015 516 5115 | louistrichardt@cmrn.co.za |
| | Messina (Musina) | 015 534 0245 | messina@cmrn.co.za |
| | Warmbad (Bela Bela) | 014 736 2557 | cmrwarmbad@cmrw.co.za |
| **Noord-Wes:** | Brits | 012 252 3207 | britscmr@telkomsa.net |
| | Rustenburg | 014 592 0455 | cmr@cmrrust.co.za |

Hoop versprei vinnig.
Maak 'n kits donasie.

"Snap" om 'n
skenking te maak

SnapScan

# KONTAK ONS

/cmrnoord

/saveachildproject

@CMR_Noord

http://christianfostercaresa.wordpress.com

http://youtube/X9m1kbjRfh8

www.cmrn.co.za

**Adres:** Posbus 2037, Groenkloof, 0027 | **Tel:** (012) 460 9272/3/4 | **Faks:** (012) 460 8531
**Fax2mail:** 086 524 4589 | **Epos:** cmr@cmrn.co.za | **www.cmrn.co.za**

**NPO Reg no. 015-917**